



eduresourceza.com

CURRO

Heritage House

PROEFEKSAMEN 2021 AFRIKAANS EAT: VRAESTEL 1 GRAAD 12

EKSAMINATORS:	KLOEKGROEP	PUNTE:	100
MODERATORS:	KOEKGROEP	TYD:	2½ UUR

NAAM & KLAS: _____

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR:

1. Hierdie vraestel bestaan uit **17 bladsye**. Maak asseblief seker dat jy al die bladsye het.
2. Hierdie vraestel bestaan uit **VIER AFDELINGS**:
 - AFDELING A: LEESSTUDIE (30 punte)
 - AFDELING B: OPSOMMING (10 punte)
 - AFDELING C: POËSIE (30 punte)
 - AFDELING D: KOMMUNIKASIE (30 punte)
3. Beantwoord **AL** die vrae.
4. **Beplan** jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
5. Begin elke afdeling op 'n **nuwe bladsy**.
6. **Nommer** jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.
7. ALLE vrae moet in **Afrikaans** beantwoord word.

AFDELING A: BEGRIPSLEES**VRAAG 1: INTERNETARTIKEL**

Lees die onderstaande internetartikel noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg:

NOODVOORRADE DEUR LUGBRUG NA KZN VERVOER

19 Julie 2021 (<https://maroelamedia.co.za>)

Alet Rademeyer



Noodvoorraad word in 'n vliegtuig gelaai wat vir KwaZulu-Natal bestem is. (Foto: Verskaf)

- 1 “Die anargie, verwoesting en nood wat KwaZulu-Natal (KZN) getref het tydens onlangse protesoptogte en brandstigting is 'n ramp, maar dit het ook bewys wat gedoen kan word as gemeenskappe saam inspring en 'n verskil maak.” Só sê Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum.
- 2 Dié organisasie, in samewerking met Solidariteit Helpende Hand en 'n aantal ander organisasies, het die afgelope week sowat 800 kg se noodvoorraad deur middel van 'n lugbrug van Gauteng na KZN vervoer.
- 3 Gemeenskappe het saam met ander rolspelers kragte saamgesnoer om vinnig 'n plan te maak om noodsaaklike hulpbronne na KZN te bring – en daar is net weer besef dat mense nie op 'n eiland lewe nie en dat gemeenskappe selfs in tye van nood kan optree om kwesbare mense te help en by te staan.
- 4 AfriForum is bygestaan deur organisasies soos die Commercial Aviation Association of Southern Africa en die Mutual Group of Companies. Helpende Hand het die noodvoorraad verpak en beskikbaar gestel.

- 5 Die 800kg-noodvoorraad, wat voedsel en medisyne insluit, is suksesvol van Gauteng na KZN deur middel van lugvervoer afgelewer. Die lugbrug was noodsaaklik omdat alle roetes en hoofweë gesluit was en voorraad nie per pad vervoer kon word nie. Dit is by lughawens in die provinsie beveilig en vandaar na gemeenskappe in nood na dorpe versprei. Dit is hoofsaaklik na outehuise en sentrums vir gestremdes versprei wat nie voorraad gehad het en steeds nie het nie.



Dié noodvoorraad is vir KwaZulu-Natal bestem. (Foto: Verskaf)

- 6 Solidariteit Helpende Hand het uit Covid-19 geleer en kan nou vinnig optree. Die gevolge van die plundering gaan nog lank met ons wees en die maatskaplike nood neem daaglik toe.



Noodvoorraad bestem vir KwaZulu-Natal word in 'n stoor in Gauteng gepak. (Foto: Verskaf)

- 7 Mense word aangemoedig om donasies aan Solidariteit se Krisisfonds te maak of mense kan bokse met nie-bederfbare produkte pak en dit by Solidariteit Helpende Hand se kantore laat aflewer. Inligting oor watter soort voorraad verpak kan word en waar dit afgelewer kan word is by www.noodfonds.co.za beskikbaar. (Verwerk uit Maroela Media)

VRAE:

- 1.1 **Wanneer** het hierdie artikel verskyn en **wie** was die skryfster van hierdie artikel? (1)
- 1.2 **Wat** was die gevolge van die onlangse protesoptogte en brandstigting in KZN? Noem **TWEE** goed. (2)
- 1.3 **Hoeveel** noodvoorraad is van Gauteng na KZN vervoer en **HOE** is die noodvoorraad vervoer? (2)
- 1.4 *Lees paragraaf 2.*
- 1.4.1 Sê of die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR** is. (1)
Slegs AfriForum het gehelp noodvoorraad na KZN te vervoer.
- 1.4.2 Haal **DRIE AGTEREENVOLGENDE WOORDE** aan om jou antwoord in Vraag 1.4.1 te motiveer. (1)
- 1.5 Sou jy sê dit was noodsaaklik om die noodvoorraad per lug te vervoer? **Ja/Nee? Hoekom** sê jy so? (2)
- 1.6 **Hoe** behoort gemeenskappe tydens noodtoestande op te tree? (1)
- 1.7 Solidariteit Helpende Hand kon vinnig optree tydens die noodtoestand in KZN. **Waarom** was hierdie organisasie so goed voorbereid vir 'n noodtoestand? (1)
- 1.8 **Noem TWEE** plekke waarheen hierdie noodvoorraad noodsaaklik versprei is. (2)
- 1.9 **Verduidelik**, in jou eie woorde, wat bedoel word met 'n "lugbrug". (1)
- 1.10 **Hoe** kan ons, die lesers, 'n bydrae lewer om AfriForum te help? (1)

[15]

VRAAG 2: ADVERTENSIE

Bestudeer die volgende advertensie en beantwoord dan die vrae wat volg:



Bron: maroela media

VRAE:

- 2.1 **Hoe** trek die titel van die advertensie jou aandag? Gee **TWEE** tegnieke. (2)
- 2.2 **Watter** emosie word deur die kind se gesiggie weerspieël? (1)
- 2.3 **Gee TWEE** fisies bewyse om jou antwoord by Vraag 2.2 te motiveer. (2)
- 2.4 **Hoekom** vind ons statistiek in die advertensie? (1)
- 2.5 **Kies** die korrekte antwoord. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer.
Die vraag "Kan jy help?" is 'n
 - A retoriese vraag
 - B lastige vraag
 - C moeilike vraag
 - D sensitiewe vraag (1)
- 2.6 **Hoe** dra die swart agtergrond by tot hoe die kind voel? (1)

- 2.7 **Wat** beteken dit om kindermishandeling met 'n "klik" te stop? (1)
- 2.8 **Wie** is die teikengroep van hierdie advertensie? (1)

[10]**VRAAG 3: STROKIESPRENT**

Bestudeer die volgende strokiesprent en beantwoord dan die vrae wat volg:



BRON: Die Burger, 20 Augustus 2020

VRAE:

- 3.1 **Waarmee** het die man sy drankvoorraad vervoer? (1)
- 3.2 **Waarom** is die vrou so verbaas? (1)
- 3.3 **Gee EEN** fisiese bewys dat sy vrou verbaas is oor haar man se planne. (1)
- 3.4 **Voltooi** die volgende sin. Skryf slegs die nommer en die korrekte antwoorde neer:

Die drankbottels is in **3.4.1** _____ verpak en word in die **3.4.2** _____ (2)
toegesluit sodat dit nie gesteel kan word nie.

[5]**TOTAAL VAN AFDELING A: 30 PUNTE**

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 4:****WENKE OM NA JOUSELF TE KYK TYDENS DIE GRENDELTYDPERK**

1. **Lees** die onderstaande teks.
2. **Som** dan die vyf WENKE om na jouself te kyk tydens die grendeltydperk **op** en noem elke keer 'n **REDE** vir die wenk.
3. Dit moet elke keer **EEN sin** wees met 'n wenk en 'n rede wat met 'n voegwoord verbind word.
4. Skryf die opsomming **puntsgewys** in vyf volsinne neer. Jou opsomming moet ongeveer **70 woorde** bevat.
5. **Nommer** die wenke van 1 tot 5.

Onthou:

- om 'n woordtelling aan die einde van jou opsomming neer te skryf.
- om nie volsinne direk uit die teks aan te haal nie.
- dat jy gepeenaliseer sal word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (meer as 80 woorde) is.
- dat elke hoofpunt slegs EEN sin, met die wenk en die rede vir daardie wenk, moet bevat.
- om jou opsomming te beplan voordat jy dit begin skryf. Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou opsomming.

Matrieks, kyk só na jouself tydens die grendeltydperk

Die Covid-19-pandemie het die wêreld op hol. Hoewel dit baie uitdagend is om in matriek te wees tydens dié tydperk, is daar baie dinge wat leerders kan doen om mooi na hulself te kyk gedurende die grendeltydperk.

Hoewel die Covid-19-storie baie ontwrigtend is, gaan dit relatief goed met ons in Suid-Afrika. In ander lande is daar hongersnood, rampe en oorloë. Matrieks kan nog hul eksamens skryf en normaal skoolgaan in ons skool. Fokus dus op die positiewe punte van jou omstandighede en vorm so 'n gesonde perspektief aangaande Covid-19.

Leef sover moontlik gebalanseerd soos wat die inperkingsregulasies jou toelaat. Kom in die buitelug, ontspan, doen sport, gaan kerk toe, werk aan jou akademie. Deur gebalanseerd te lewe sal jy geestelik gesond bly.

Vra jouself gereeld af wat jy wil bereik en werk daarnatoe. Jou matriekjaar is die fase van jou lewe wat jou voorberei vir die toekoms. Moenie in vrees vir Covid-19 leef nie. Fokus op jou doelwitte sodat jy op koers vir jou toekoms bly.

Sorg dat jy veilig in jou daaglikse handel en wandel optree. Dit help nie om vir matrieks vals hoop te gee dat dit môre beter sal gaan nie – ons weet nie wat die toekoms inhou nie. Leer eerder hoe om veilig te wees. Dit sal jou gesond hou en jou immuunstelsel beskerm.

Jy kan maklik onaktief raak, slegte studieroetines begin volg en swak eet gewoontes aanleer gedurende Covid-19. Moet nie die waarde van roetines in jou lewe onderskat nie. Deur by goeie roetines te hou, skep jy 'n veilige ruimte vir jouself.

Verwerk uit Netwerk 24 artikel deur Tasneem Van Rooyen Maart 12, 2021

[10]

TOTAAL VAN AFDELING B: 10 PUNTE

AFDELING C: POËSIE

VRAAG 5: VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg:

touloper - Fanie Viljoen

1. die storms woed weer in ons huis vandag
2. maar vol durf klim ek op die tou
3. voetjie vir voetjie skuifel ek vorentoe
4. verby die verwyte-winde van
5. *het jy al weer*
6. *ek het mos gesê*
7. *wat het jy gedoen*
8. gekwelde oë kyk vir my van doer onder
9. ver verwyder van my kollig-balanseertruuk
10. my tou web tussen
11. mure en deurhandvatsels
12. familiefoto's en almanakke
13. blitsende tv-beelde en internetkonneksies
14. tot by die tuinhêk
15. ek is hoog bo die grond
16. weg van alles behalwe die wind
17. maar ek dink nie daaraan nie
18. ek hou my oog op die tou
19. ek balanseer my lewe
20. en voet vir voet skuif ek vorentoe
21. deur die storm

VRAE:

- 5.1 **Verduidelik** die denotatiewe betekenis van die titel. (1)
- 5.2 **Waarvan is** die “*storms*” moontlik ‘n metafoor? (1)
- 5.3 **Gee** ‘n sinoniem vir “*durf*”. (1)
- 5.4 “*verby die verwyte-winde van*” (1)
Watter **positiewe** rol, dink jy, kan hierdie winde in sy lewe speel?
- 5.5 Daar is ‘n sterk ooreenkoms in die gedig met **twee** ander opeenvolgende woorde vir “*doer onder*”.
- 5.5.1 **Noem** die twee opeenvolgende woorde. (1)
- 5.5.2 **Identifiseer** die ooreenkoms. (1)
- 5.6 **Kies** die korrekte antwoord en skryf slegs die letter neer.
Watter woord beskryf die seun se houding die beste?
- A dankbaar (1)
B depressief
C selfbejammering
D vasberadenheid
- 5.7 **Waar** lê die seun se redding? Haal **een** woord aan wat dit aandui. (1)
- 5.8 Daar word gepraat van afsonderlike fases in die spreker se lewe. (2)
Differensieer tussen twee fases deur na die gedig te verwys.

[10]

VRAAG 6: VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig deur en beantwoord dan die vrae wat volg:

Daarom - Ilina Stander

1. My profiel
2. is 'n spieëlskrikker,
3. my vel 'n dermatoloog se droom,
4. my arms en bene misliklank in die pad,
5. my bolip se dons bleek.
6. Tussen meisies: die groot krater.
7. Daarom antwoord ek nie
8. met my deurslaanstem nie,
9. kruip ek eerder onder my kuif
10. (ononderhandelbaar) weg
11. en oefen ek agteraf
12. my afsakbroek-stap.
13. Daarom bid ek die tyd om.
14. Intussen donder ek deure toe.

VRAE:

- 6.1 **Kies** die korrekte woord en skryf slegs jou antwoord neer. (1)
- Die titel gee aanleiding tot die feit dat ons hier te doen het met die (oorsake/ gevolge) van die seun se optrede.
- 6.2 “...is 'n spieëlskrikker”
- 6.2.1 **Wat** word hierdie verstegniek genoem? (1)
- 6.2.2 **Verduidelik** hoe dié verstegniek hier funksioneel is. (1)
- 6.3 **Identifiseer** die ironie wat in die eerste strofe voorkom. (1)

- 6.4 **Waaruit** kan ons aflei dat die seun nie tussen die teenoorgestelde geslag gemaklik voel nie? (1)
- 6.5 *Die seun het 'n hardkoppige houding.* (1)
Haal EEN versreël aan om hierdie stelling te staaf.
- 6.6 **Watter** woord dui die seun se desperaatheid aan? (1)
- 6.7 **Dui EEN** verskil aan in die inhoud van strofes een en twee. (1)
- 6.8 **Watter** woord mag as 'n vloekwoord interpreteer word? (1)
- 6.9 **Dink** jy dat die antwoord in vraag 6.8 funksioneel in die gedig gebruik word? (1)
Beantwoord **Ja** of **Nee** en **gee** 'n rede vir jou opinie.

[10]**VRAAG 7: ONVOORBEREIDE GEDIG**

Lees die gedig noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg:

Kind - I. L. De Villiers

1. skielik merk ek jou
2. eenkant in die gesprek
3. hoe jy my wenkbroue na mekaar toe trek
4. en met my donker oë my bekyk:
5. my vyand-pa
6. my vreemde pa
7. my ék

8. soms brom jy die *top ten*:
9. *Evita*, *abba* of die *bats*, jou stem
10. is half-gebreek – jy gee not-'n-wiel
11. vir enigiemand om:

12. onnies is gek
13. meisies is simpel
14. en daar's witbroodjies wat lek

15. eendag neem jy, wenkbroue, oë,
16. vyand,
17. vreemde pa,
18. vir nog 'n ek
19. my plek

VRAE:

- 7.1 **Gee** 'n rede vir die omgekeerde woordorde van die eerste reël. (1)
- 7.2 **Watter** woord sê vir ons die seun was nie deel van die geselskap nie. (1)
- 7.3 **Watter** gedrag het die spreker skielik in sy seun opgemerk? (1)
- 7.4 **Verduidelik TWEE** moontlike betekenisse vir die seun se "*donker*" oë. (1)
- 7.5 **Identifseer** wie die "*my*" in reël 5 is. (1)
- 7.6 **Watter** rymskema vind ons in die gedig? (1)
- 7.7 **Verduidelik** die funksie van die dubbelpunt aan die einde van reël 8. (2)
- 7.8 **Watter** verskynsel kom in reël 16 voor? (1)

Kies een van die volgende en skryf slegs die korrekte letter neer.

- A alleenplasing
 - B alliterasie
 - C hiperbool
 - D personifikasie
- 7.9 **Na wie** verwys "*nog 'n ek*" in die slotstrofe? (1)

[10]**TOTAAL VAN AFDELIN C: 30 PUNTE**

AFDELING D: TAALVAARDIGHEID

VRAAG 8: SINSTRUKTURE

Bestudeer die spotprent en skryf dan die sinne oor soos aangedui:



[Bron: Beeld, 22 Januarie 2016]

- 8.1 Die gesin kan vanaand 'n klein porsie groente eet om aandete spesiaal te maak.

'n Klein porsie groente...

(1)

- 8.2 Het die skokkende groenteprys al gedaal?

Nee,...

(1)

- 8.3 Hulle eet net vanaand groente. Die prys van groente is baie hoog.

Omdat...

(1)

- 8.4 Pa en boetie kyk na ma. Hulle sit by die mooi gedekte tafel.

Pa en boetie wat...

(1)

- 8.5 Ma gebruik haar beste silwerware om die tafel te dek

Ma hoef...

(1)

8.6 Hulle eet en gesels heerlik aan tafel.

'n Week gelede... (1)

8.7 Ma kook heerlike groente om almal gelukkig te maak.

Ma kook heerlike groente sodat... (1)

8.8 Ma trek haar mooiste rok en juwele vir aandete aan.

Oor 'n week... (1)

8.9 Pa is baie trots op ma as sy sulke goeie planne maak.

Daardie dag... (1)

8.10 Pa vra vir ma: "Gaan jy ons elke aand so bederf?"

Pa vra vir ma... (1)

8.11 Die nuwe wit servette word nou deur ma op die tafel gesit.

Ma... (1)

8.12 Hulle eet die klein porsie groente. Pa en boetie bedank vir ma.

Nadat... (1)

[12]

VRAAG 9: WOORDSTRUKTURE

Bestudeer die prent en lees dan die paragraaf wat daarop gebaseer is. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf die nommer en die korrekte antwoord in jou antwoordboek neer.



[Bron: Die Burger, 3 April 2021]


Dit is vakansie! **9.1 (Pappa – gee die meervoud)** sien gewoonlik baie **9.2 (na + dit – gee die korrekte vorm van die betreklike voornaamwoord)** uit. Pa se **9.3 (klem - gee die verlede deelwoord)** hande om die stuurwiel en groot frons wys hy is nie gelukkig nie. Ma **9.4 (onthou / herinner – kies die korrekte woord)** pa dat hy nou kan ontspan. Die kinders is gesond en **9.5 (baie lewendig – gee die intensiewe vorm)**. Ouboet luister **9.6 (____ - gee die korrekte voorsetel)** musiek op sy oorfone en die **9.7 (glimlag – gee die teenwoordige deelwoord)** baba kyk by die venster uit. Sy luister na haar **9.8 (kind + liedjies – gee die samestelling)**.

Piet en Dawid baklei egter en kyk met kwaai **9.9 (oë – gee die verkleining)** na mekaar. Die gesin het al om vyfuur **9.10 (voormiddag – gee die korrekte afkorting)** vertrek. Dit was nog donker en pa moes die motor se **9.11 (lig- gee die meervoud)** aansit. Pa wens die kinders wil nou rustig raak, want **9.12 (sy / hy / hom – kies die korrekte voornaamwoord)** moet op die pad **9.13 (konsentrasie – gee die afgeleide werkwoord)**. Ma en Wagter is ewe opgewonde om **9.14 (elke oggend – gee een woord)** op die strand te gaan loop. In die motor moet ma vir Wagter styf aan sy **9.15 (leash – gee die korrekte Afrikaanse woord)** vashou. Pa hoop net dat almal later **9.16 (baie – gee die vergrotende trap)** bedaard sal wees.

[8]

VRAAG 10: KOMMUNIKASIE

- Lees die inligting hieronder goed deur.
- Oefen die instruksies by elke vraag uit.
- Skryf elke keer die woorde neer van die persoon wat praat. Jy hoef nie aanhalingstekens te gebruik nie.
- Elke respons moet **15 tot 20 woorde** lank wees. Onthou om jou woordtelling neer te skryf.
- Moenie **die vetgedrukte woorde** in jou respons herhaal nie.



[Bron: google images]

- 10.1 Dit is Verna (A) se verjaarsdag en haar vriend (D) **wens haar geluk** met haar verjaarsdag. Skryf sy woorde **van gelukwensing** aan Verna neer (2)
- 10.2 Mila (B) bestel twee van haar **gunsteling geregte** by die kelnerin. Wat sal sy vir die kelnerin sê om **beleefd** haar bestelling te plaas? (2)
- 10.3 Diaan (C) en Mila is nou al **agt maande** 'n paartjie. Hy sit en dink aan hoe hy haar met **iets spesiaals kan bederf**. Skryf sy gedagtes neer. (2)
- 10.4 Naledi (E) **sien baie uit** na die **opwindende aktiwiteit(e)** wat hulle groepie later gaan doen. Skryf neer wat sy vir hulle daarvoor sê. (2)
- 10.5 Verna (A) **bedank** haar vriende vir al haar **pragtige geskenke**. Skryf neer wat sy vir hulle sê. (2)

[10]

TOTAAL VAN AFDELING D: 30 PUNTE

GROOTTOTAAL: 100